

Skriflesing: Handeling 1:1-14; Lukas 24:50-53

Teks: **Lukas 24:50b-51**

Sing: VOORAF SANG- Ps. 118:12,13

TYDENS EREDIENS- Ps. 146:4,8; Ps. 139:1,2; Ps. 24:1,3; Ps. 68:9

Handeling 1:1-14

Act 1:1 My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af

Act 1:2 tot op die dag van sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het.

Act 1:3 Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat.

Act 1:4 Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: "Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het.

Act 1:5 Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word."

Act 1:6 Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: "Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?"

Act 1:7 Hy het hulle geantwoord: "Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie.

Act 1:8 Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Act 1:9 Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie.

Act 1:10 Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan.

Act 1:11 Dié sê toe vir hulle: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."

Act 1:12 Daarna het hulle na Jerusalem toe teruggegaan van die berg af. Dit is die Olyfberg, vlak by die stad, 'n sabbatsreis ver.

Act 1:13 In die stad aangekom, is hulle na die bovertrek toe waar hulle gewoonlik vertoef het. Dit was Petrus en Johannes, Jakobus en Andreas, Filippus en Tomas, Bartolomeus en Matteus, Jakobus seun van Alfeus, Simon die Seloot en Judas seun van Jakobus.

Act 1:14 Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.

Lukas 24:50-53

Luk 24:50 Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. **Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën.**

Luk 24:51 **Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem.**

Luk 24:52 Hulle het Hom aanbid en met groot blydschap na Jerusalem toe teruggegaan.

Luk 24:53 Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys.

Skriflesing: Handeling 1:1-14; Lukas 24:50-53

Teks: **Lukas 24:50b-51**

Sing: VOORAF SANG- Ps. 118:12,13

TYDENS EREDIENS- Ps. 146:4,8; Ps. 139:1,2; Ps. 24:1,3; Ps. 68:9

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, so kom ons vandag by die laaste van die 10 verskyninge wat Jesus sy laaste 40 dae op aarde was. Ons is by elk van hierdie verskyninge op 'n besondere wyse by groot momente in God se pad met ons uitgebring. Geloofsgroei by Maria Magdalena, geloofsvreugde toe die groep vroue Jesus op hulle pad terug van die graf skielik tegemoetgekom het. By die derde verskyning God se liefde vir Petrus as die Here apart aan Hom verskyn. Die

vierde verskyning aan die Emmaüsgangers was die oopmaak van die Skrifte om vir jou en my die regte lewens-en wêreldbeskouing oop te maak. Die vyfde verskyning was in die bovertrek iewers in Jerusalem waar Jesus verskeie male dit oor hulle uitgeroep het ... *vrede vir julle*. Daardie vrede wat God ons skenk kan niks op aarde mee vergelyk word nie. Hierdie 5 verskyninge het alles op die Sondag van die opstanding gebeur. Ons kan ook sê dat hierdie eerste vyf verskyninge het ten doel gehad om stukkende lewens weer heel te maak. Die verslae dissipels se geloofslewe sou weer op 'n herstelpad gebring moes word. Daarom die baie verskynings, vyf op die dag van die opstanding. Die laaste van die vyf waar dit gaan om vrede. Ja, ware geloofsvrede is die basis waarop Jesus die res van die verskyninge sou laat gebeur.

Daardie volgende Sondag was dan eers weer die sesde verskyning, wéér in die bovertrek. Daar is vrede bewerk maar nog nie vrede met Thomas wat die vorige Sondag nie daar was nie. Nou is Thomas ook by wat gesê het hy sal nie die opstanding glo as hy nie sy hande en vingers in die wonde kan steek wat die kruis Jesus mee seergemaak het nie. Hy word uitgenooi of eerder aangesê om nie langer ongelowig te wees nie, maar gelowig. Dan kom die besondere woorde wat hy nie sy hande in Jesus se sere steek nie, maar sy hart in 'n belydenis omskep. *My Here en my God*. Dit is die eerste sinvolle geloofswerk wat die Here van enige kind van Hom kan en mag verwag. Daar moet 'n belydenis in jou hart wees wat in jou mond kom. Sinvolle geloofsarbeid begin by belydenis van geloof.

Dan kom die sewende verskyning waar die dissipels hard gewerk het maar 'n hele nag geen vis gevang het nie. Hulle moes word vissers van mense. Al word daar hard gewerk is daar nie noodwendig altyd groot resultate nie. In die kerk is dit dikwels die geval wat nie beteken dat God nie ons werke raaksien nie. In alles sien die Here ons ... ook daardie nag toe die dissipels geen vis gevang het nie, al het hulle baie hard gewerk. Daardie oggend het hulle die net aan die regterkant moes laat sak, ja om eenvoudig te doen wat die Here sê en hulle net was vol, 153 visse en tog het die net nie geskeur nie.

Die sewende verskyning was eintlik dan die aanloop tot die agtste verskyning wat die Here 500 broeders op die berg laat saamkom het. Die agtste verskyning is eintlik die saamtrepunt van die grootste opdrag wat Jesus kort voor sy hemelvaart gegee het. In 'n sekere sin 'n bo-menslike

opdrag tog is dit ons as mense wat hierdie opdrag moet uitvoer. *19 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20 leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.* Hierdie groot opdrag wat direk saamhang met die groot gebod, van jy moet die Here jou God bó alles liefhê en jou naaste soos jousef. God sou nie die groot opdrag wou gee as sy groot gebod nie ook geld nie. Tog het ons in die onmiddellike konteks van die agste verskyning nie net die groot gebod en die groot opdrag nie, maar ook die groot belofte. Die belofte wat die Here Self daardie groot skare op die berg gegee het maar waarby ons as kerk ook vandag by ingesluit is- *En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*”

Hierdie groot dinge wat by die agtste verskyning gesê is staan in baie opsigte in groot kontras met die verskyning waar ons verlede Sondag was. Jesus verskyn toe weer net aan ’n enkele mens, ons aanvaar sy broer, die kind van Josef en Maria wat aanvanklik nie geglo het nie. Niemand uit die onmiddellike huisgesin van Jesus het aanvanklik geglo nie. Net hulle ma wat aan haar besondere Kind sou bly vashou. Hulle pa in aardse sin wil lyk hy is vroeg oorlede. Dit het bevestig dat om ’n ongelowige te wees is baie makliker as om een te wees wat waarlik glo. By Jesus se geboorte het die oue Simeon al geprofeteer van die swaard wat deur Maria se siel sal gaan – die swaard steek skerp, steek vinnig en steek vroeg. Haar man sterf vroeg, nou haar ander kinders wat nie wou glo dat Jesus die Messias nie, ja sy hele tuisdorp, Nasaret, het Hom verwerp. Dit alles sou wees soos ’n swaard wat deur haar steek, om nie te praat van dié dag toe sy die verskriklikste van gebeure op Golgota moes aanskou nie.

En tog die wonder van geloof het Jakobus nie verbygegaan nie. Later is hy die man wat ’n pilaar vir die Here se kerk in Jerusalem sou word, ja hoe mooi beskryf Paulus hulle in Galasiërs 2:9- 9 *Toe hulle dan ingesien het dat God my hierdie voorreg gegee het, het Jakobus, Sefas en Johannes, wat beskou is as die pilare van die gemeente...* Jakobus skryf in sy brief as ouderling van die kerk in Jerusalem dit wat hierdie laaste 5 verskyninge ook bevestig. Wie glo moet ook werk. Om te glo is om vir die Here te werk. Ons werk nie sodat ons kan glo nie, maar ons werk omdat ons reeds glo. Die geloof is ’n gawe van God, ’n geskenk waarvoor niemand kan werk nie. Maar wie hierdie geskenk ontvang het, wil dan ook nie ophou werk nie, want wil ons nie ophou glo nie. Jakobus bevestig wat sy broer Jesus ook vir hom duidelik sou maak dat geloof

sonder werke nutteloos is. Dit is ook hoe hy dit later in sy brief so verwoord het. Wys my geloof sonder jou werke en dan stel Jakobus dit dat ek sal jou juis uit my werke my geloof toon, want maak Jakobus dit baie duidelik dat geloof sonder werke is 'n dooie geloof (vgl Jak 2:14,17,18). Ons wil aanvaar Jesus se aparte verskyning aan sy broer Jakobus het hom tot die getrouste roeping en trou aan sy broer Jesus aangespoor waar hy Jesus ook as sy Verlosser sou beskou, al het hulle in dieselfde huis opgegroeï. Nou kon Jakobus van die eerste ouderlinge wees wat in die Here se kerk dit nie maklik sou hê nie, maar wat die laaste verskyning besonder nodig sou hê.

Watter besondere verskyning was dié laaste nie, op dié dag van die hemelvaart. As ons in besonder Lukas by hierdie laaste verskyning na vore bring dan gaan dit daaroor dat ek kan niks doen as God my nie seën nie. Dit is wat ons teksverse by hierdie laaste verskyning ons laat beseef dit wat Lukas so kon beklemtoon. Hy wat sy evangelie met die hemelvaart afsluit maar dieselfde Lukas wat Handelingte geskryf het, begin ook weer by die hemelvaart. In alles is dit vir hom baie belangrik dit wat Jesus by hierdie laaste verskyning, ja by sy opgaan die hemele gedoen het, nl. die Here het sy hande opgehef en hulle geseën en gaan hy in die volgende vers direk hiermee voort - *Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem.*

Jesus en sy dissipels is nou weer terug in Jerusalem nadat die vorige verskynings in Galilea was. Spesifiek die agtste verskyning nog by die gebergtes in Galilea. Ons wil aanvaar dit moes vroeg daardie dag gewees het want het Jesus saam met sy dissipels het ongemerk net buite die stad kon gaan na die Olyfberg vanwaar Jesus sou opvaar. Almal het weer deur die Oospoort beweeg, presies dieselfde poort wat Jesus moes deur toe Hy na Golgota weggelei was om gekruisig te word. Nou gaan Jesus weer saam met sy dissipels deur dieselfde poort maar Hy gaan nou as Oorwinnaar daardeur waar Hy op dieselfde dag ook die poorte van die hemelse sou ingaan. Die besondere poorte wat ons as Gereformeerdes in die GKSA ook as kerkembleem die wapen dra van *die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie.*

Voordat Jesus van hulle weggegaan het met hierdie laaste verskyning het Hy dit ook beklemtoon om nie dadelik uit Jerusalem te vertrek voordat Pinkster sou aanbreek. Hulle sou nog 10 dae in die omstreke moes wees toe die Here sy belofte aan ons voltrek het en die Heilige Gees ten volle

hier op aarde uitgestort is. Jesus kon eintlik dit nie genoeg beklemtoon dat hulle moet weet dit gaan plaasvind. Daaraan hoef hulle nie te twyfel nie. Tog die donker kant, die skadukant van ons as mense se sonde kom ons nooit van los nie. Jesus sê hierdie wonderlike dinge, dinge wat baie groter is as wat ons menslike bestaan hier op aarde ooit kon wees maar soos uit die bloute kom die sondige vraag van 'n mens – *Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk van Israel weer oprig*. In 'n sekere sin is die mens altyd met politiek besig. Die mens wat selfs probeer om die wonderlikste beloftes van ons God te verpolitiseer. Asof dit net om Israel moet gaan en hulle toekoms en hulle heil. Asof die koninkryk van God in ons politieke grense en denke ingebed en vasgemaak kan word.

Hierdie sondige vraag so kort vóór die hemelvaart bevestig eintlik maar net aan ons dat die dissipels het nog op hierdie kritieke stadium nie mooi kon verstaan wat is werklik die groot dinge wat aan die kom is en wat nou gaan gebeur nie. Die vraag is of ons werklik nog altyd die groot gebod en die groot opdrag en die groot beloftes na behore verstaan en verreken. As ons ons mense se louheid en traak-my-nieagtigheid rondom ons werklike sending en sendingwerk hoor en hoe min daar werklike ywer is vir die sending wat moet plaasvind dan kan ons maar seker hardop wonder. Ons het 'n predikant na Duitsland gestuur met die opdrag sendingwerk maar so ver ek dit het, is daar niemand uit die gemeente wat tot die VSOD bydra wat in alles help om dr. d'Assonville se werk in Europa te help befonds nie. Is dit dalk tekenend van ons verstaan van werklike sendingwerk? Is ons nie ook maar deel van die mense wat nie heeltemal weet wat die Here mee besig was net voor Hy na die hemel opgevaar het nie? Verstaan ons werklik sy groot opdrag van ons dit in die ouer vertaling ook weer hoor- *19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*.

'n Opdrag wat alleen vanuit die seën van die Here kan sin maak en dit is hoekom ons hierdie laaste verskyning die groot opskrif gee van die goddelike seën. Die laaste verskyning het die goddelike seën op ons kon plaas. Watter bevoorregte posisie het ons om vanuit te werk en te mag werk. As die Here seënend sy arms oor sy kinders hou dan is dit reeds genoeg. Ons sou graag wou weet watter woorde daar toe gespreek is maar dit staan nie vir ons opgeteken nie. Hierdie was maar die begin van die groot seëninge wat binnekort sou volg. Hoe 'n groot seën was die uitstorting van

die Heilige Gees dan ook net tien dae later. In Handelingte staan die seëninge van die Here op elke bladsy. Soos daardie vroegste kerke sou arbei, hoe hulle sou groei, die krag wat hulle ontvang het om deur die swaar te gaan, die grootste vervolginge wat daar nog ooit teen die gelowiges op daardie stadium te trotseer, dis alleen net God se krag en God se seën wat dit alles moontlik gemaak het.

Ons kan vandag afsluit in die wete hierdie laaste verskyning van ons Here Jesus Christus was so noodsaaklik want sonder die seën van die Here sou die Kerk nie kon aangaan nie. Dit is in werklikheid die afronding van die geloofsarbeid wat die Here van ons verwag as ek werk vanuit God se seëninge. Ons kan ons dit ook so voorstel soos Lukas dit verhaal dat Jesus het sy hande oor sy kinders uitgestrek gehou hoe hoër en hoe vêrder Hy ook weggevaar het, Hy het sy arms nie weer teruggetrek nie. Ons kan dan ook sê hoe hoër die Here gegaan het hoe wyer het sy seën kon strek. Eers was dit beperk tot die groepie dissipels, maar hoe hoër Hy gaan hoe wyer word die kring van mense by hierdie seën ingetrek. Handelingte maak dit duidelik dit het oor volksgrense, lande, tale, kontinente kon strek. Van Judea tot Galilea Samaria tot aan die uithoeke van die aarde lees ons later in Handelingte. Alles kom onder die seënende hand van die Here by hierdie laaste verskyning. Toe die dissipels Jesus nie meer kon sien nie toe het Hy steeds sy hande oopgehou kan ons vandag aanvaar.

Ons gaan vandag uit hierdie diens waar God u ook wil seën. Die hande is steeds oop! Ons moet weet hoe nodig ons hierdie seën van die Here het. So baie mense wat dink hulle kan daarsonder lewe, hulle kerkgang is al iets van 'n afskynsel dat hulle dink hulle kom op hulle eie reg. Daaroor sal God wel oordeel maar laat ons besef die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees is iets wat ek nie mag en wil mis nie. Daarsonder kan ek die ewige lewe mis. Elke keer as ons die seën van die Here ontvang is dit weereens 'n vervulling van die Here se groot belofte van kyk is met julle tot aan die voleinding van die wêreld.

Ons vertrou dat u dan werklik besef wat hierdie seën van die Here is en wil wees. Ook vir hierdie nuwe kwartaal wat ons nou weer moet ingaan, ook as ons Kermis hou, sonder die seën van die Here is dit alles tevergeefs. Hoe het die Here ons nie al geseën nie, moet ons in dieselfde asem kan sê. Ek kan daarsonder geen geloofsarbeid verrig nie.

Toe die dissipels hierdie laaste verskyning meegemaak het, het hulle op die grond neergeval en die Here aanbid. Die engele kom praat met hulle, twee manne in wit klere wat vir hulle sê nadat hulle van die grond af opgestaan het, toe kyk hulle weer hemelwaarts. *“Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.”* Dit is ’n belofte wat deel vorm van die groot belofte dat God in Christus met ons is en met ons sal bly.

Daarom sou hulle moes ophou om na die hemel te staar want God het in sy koninkryk nie hemelbekykers nodig nie, maar sout en lig, sout wat ons vir hierdie aarde onder ons voete moet wees, ’n lig vir die wêreld, dit is wat ons nou vir die aarde en die wêreld moet wees, sout en lig. Ek kan nie net bly opkyk nie, maar ek moet opkyk om te afkyk vir die werk wat gedoen moet word. Mag u na hierdie reeks van die verskillende verskyninge niks anders vir God in sy koninkryk wil wees nie, nl. sy sout en sy lig.

AMEN